*Vrydag* **21 November**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:1-18**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:14 (AFR2020)**

**Jesus se volmaakte gehoorsaamheid het sý een offer vervolmaak**

Ons het soveel rede om vanoggend in die Here se volmaakte offer te mag jubel. Hebreërs 10 wys ons op die onvolmaakte offers in die Ou Testament. Die grootste deel van die Ou Testament was maar net ’n skaduwee van die volmaakte offer wat op pad is. ’n Skaduwee wys heen na ’n werklikheid, maar dit is nog nie die werklikheid self nie. Die wet was eintlik die rowwe kantlyne van die goeie wat nog moes kom.

Ook die baie offers in die Ou Testament was so onvolmaak in vergelyking met die volmaakte wat moes kom. Die feit dat die offers herhaal en herhaal moes word, wys op die onvolkomenheid van al die baie offers. Die offers was net ’n herinnering en bedekking vir die mens se baie sondes. Nooit het die bloed van bulle en bokke die sonde kon wegneem nie. In die ou bedeling kon sonde bedek word (Hebreeuse *kafar*), maar was dit nie weggeneem nie.

Ons besef agter die wet en agter die offers het God se groot plan geskuil. Hoeveel kere wys die Ou Testament op ’n deurbraak wat aan die kom is. Ons teksverse is die bewys van die deurbraak wat gekom het. Gehoorsaamheid wat vir God baie meer beteken as al die offers wat daar was (vgl. 1 Sam. 15:22). Die Hebreërskrywer is duidelik met Psalm 40:7-9 besig as hy in die Psalm Christus van Homself hoor spreek. *“Kyk, hier is Ek om u wil te doen, o God!”* Christus sê vir sy Vader dat Hy vir Hom ’n liggaam voorberei het (Heb. 10:5). Dié liggaam was in alles aan God gehoorsaam; dieselfde liggaam wat vir ons sondes geoffer moes word. Dit was die eenmalige volmaakte offer! Christus se gehoorsaamheid het sy volmaakte offer voorafgegaan.

Sy gehoorsaamheid en sy vrywillige offer is vandag die enigste waarin ons geheilig kan lewe. Ons mag deel in die vrugte van Christus se gehoorsaamheid. Die Grieks maak dit hier duidelik dat die offer eens en vir altyd afgehandel is. Ons is nóú voor God in ’n voortdurende staat van verlossing en heiligmaking. Dit gee ons soveel rede om in Christus se gehoorsaamheid en offer te jubel. Mag u bly jubel in die soewereine daad van God waar Hy u vir Hom afgesonder het, in Hom is u geheilig.

*Sing: Psalm 40-1:5, 8*

*Dr. PJ (Petrus) Venter (Postmasburg)*